## DIE GEDENKPOSSEËLS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE SPELE, BLOEMFONTEIN*

'n Uitstaande kenmerk van die gedenkposseëls van die S.A. Nasionale Spele, is ongetwyfeld hulle eenvoudigheid en rustigheid. 'n Sierlike springbok, 'n brandende fakkel, vyf ringe, 'n aanduiding van die geleentheid waarvoor die seëls uitgereik is, land van herkoms en geldwaarde van die seël — alles teen die agtergrond van uiteenlopede lyne. Ten spyte van die eenvoud van die ontwerp, is dit juis so 'n oënskynlik maklike ontwerp wat baie moeite en harde werk vereis voordat dit sy finale vorm verkry.

Aanvanklik het die gedagte ontstaan om vir die Bloemfonteinse Spele 'n reeks afbeeldings van die meer belangrikste sportsoorte te gebruik. Die uitvoering hiervan sou egter 'n betreklik lang reeks seëls vereis en dit sou lynreg indruis teen die opvatting van die Poskantoor in verband met ons gedenkseëls. 'n Ander voor die hand liggende moontlikheid was om gebruik te maak van die embleem van die Departement van Sport en Ontspanning, waardeur daar tegelykertyd 'n beter eenheid bereik sou kon word tussen die sportfees en die seëls. Hierdie embleem, soos dit op die briefhoofde van dié Departement voorkom, is goed vir skryfpapier, maar vir 'n posseël was dit egter veels te swaar en te gedronge. Hoewel hierdie embleem dus wel as grondslag gebruik is, moes die tekenaars van die Staatsdrukkery, onder leiding van mnr. W. F. van Reenen, wat vir die uitvoering van die seëlontwerp verantwoordelik was, tog heelwat veranderinge aanbring. Reeds van die begin af is daar gevoel dat die seëls vertikaal moes wees.

Aan die beginsel van die eerste ontwerp, soos dit van die tekenaars gekom het, is daar nie veel verander nie. Die fakkel en springbok het onmiddellike goedkeuring verwerf; die vyf ringe was 'n simbool vir die vier provinsies van die Republiek, met Suidwes-Afrika as vyfde gasheer van die Spele. In soverre dit besonderhede betref het, is daar egter heelwat wysigings aangebring. Die woorde „Games S.A. Spele 1969" het aanvanklik meer in die middel gestaan. Soos hulle uiteindelik geplaas is, vorm hulle 'n deurlopende eenheid met die voorpote van die springbok, waardeur ongemerk 'n baie beter ewewig ontstaan het. Vir die letters van hierdie woorde was daar twee voorstelle: 'n ou Gotiese vorm, of 'n meer moderne, saaklike uitvoering. Ongetwyfeld sou die Gotiese letters 'n mate van tradisionele sierlikheid aan die beeld verleen het. Daar is egter gevoel dat die moderne letters rustiger en meer van toepassing sou wees op die gedagte van moderne sportprestasies. Die letters R S A en die geldwaardesyfers

was eers bietjie kleiner, maar is toe groter en duideliker gemaak. Die springbok se voorpote het eers meer vorentoe gestaan, terwyl die stertjie omhoog gekrul was en die indruk van 'n kapstok gemaak het. Dit is verander tot die ligte en sierlike vorm wat die bok ten einde laas aangeneem het. Die fakkel was eers langer, maar is korter gemaak, sodat dit nie in die pad van die ringe, die vergrote landsaanduiding en waardesyfers sou wees nie.




*Die Gedenkposseëls van die Suid-Afrikaanse Nasionale Spele, Bloemfontein.*

Die kleur van die seëls het heelwat bespreking uitgelok. Groen en goud sou die mees logiese kleure gewees het, maar hierdie kleure is reeds vroeër vir Suid-Afrikaanse posseëls gebruik. Gevolglik is besluit om die springbok en al die letters en syfers in dieselfde blouswart-kleur uit te voer. Dit sou die duidelikste wees en die springbok sou meer to sy reg kom, indien die ander kleure van die seëls in ligte tinte gehou word. Hierdie kleure, lig-olyfgroen vir die 2½c-seël en kaneelbruin vir die 12½c-seël, is eers op die laaste oomblik bepaal. Vir die 2½c-seëls is aan lig-olyfgroen, voorkeur bo 'n donkerder en harder

groen gegee. Vir die $12\frac{1}{2}$c-seël was daar 'n keuse uit drie kleure: 'n donkerder, of 'n ander baie ligter en dowwer kleur, maar waardeur die seël 'n geringe sprekende indruk gemaak het. Die drie kleure waarin elkeen van die seëls ten einde laas uitgevoer is, is mooi ligte tinte wat goed met mekaar varieer, terwyl die eenheid van die stel deur die enerse ontwerp bewaar word.

Die datumstempel het 'n bietjie probleme opgelewer. Die vraag het ontstaan of die datumstempel net op die eerste dag-uitgifte gebruik sou word, en of dit vir die duur van die Spele gebruik sou word. Daar is selfs aan die moontlikheidvan'n afsonderlike datumstempel gedink. Uiteindelik is gelukkig besluit om die gebruiklike weg te volg, en die volle tydsduur van die Sportfees op die stempel aan te dui.

Wat die eerstedag-koeverte betref, is daar gepoog om die drukwerk op die koevert so veel as moontlik te beperk. Onder 'n kleurafbeelding van die Staatspresident se hoogste sporttoekenning, is slegs 'n aanduiding dat dit 'n amptelike gedenkkoevert is, met die reeksnommer van dié koevert. Dié inligting is as voldoende geag. Daar was 'n pragtige deurskynende kleurfoto van die medalje met die bybehorende lint as voorbeeld beskikbaar. Helaas was die diep perskleur ongeskik vir drukwerk, omdat dit die ander kleure volkome oorheers het. Gevolglik moes die pers deur 'n sagter blou vervang word. Die eindresultaat is egter baie bevredigend, en dit het 'n mooi koevert geword. Afgesien daarvan dat die lugposetiket in 'n ligter kleur uitgevoer is, is dit dieselfde as dié van die Hertzog-gedenkkoevert. Vir die koeverte is witpapier gebruik, sodat die verskillende kleure behoorlik tot hul reg kon kom.

Ten slotte is daar besluit om die kaartjie ter verstewiging van die koevert, uit slegs 'n enkele blaadjie te laat bestaan. Die oorweging om dit in 'n pers-fluweel uit te voer, het later verval, aangesien die lint en die medalje nie mooi teen so 'n agtergrond sou uitstaan nie.

Uit hierdie oorsig van die totstandkoming van die Nasionale Spele-herdenkingseëls, blyk dit dat daar baie meer aanpassings nodig was as wat uit 'n oppervlakkige waarneming sou blyk. In soverre dit ewewig en komposisie betref, is die seëlontwerp duidelik en goed afgewerk. Daar is eenheid in die stel van twee seëls, en die kleure is helder en aangenaam. Ongetwyfeld is dit van die beste seëls wat die Republiek nog uitgegee het.